KRUISKERK.CO.ZA
gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

*Steek 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Markus 2: 1-12
**Tema :** Magtig en Magteloosheid

## BROODJIES VIR DIE PAD

“The salvation of this human world lies nowhere else than in the human heart, in the human power to reflect, in human meekness and human responsibility.”
— Vaclav Havel

“Extreme poverty is not only a condition of unsatisfied material needs. It is often accompanied by a degrading state of powerlessness. ”
— Peter Singer, The Life You Can Save: Acting Now to End World Poverty

“All things are subject to interpretation. Whichever interpretation prevails at a given time is a function of power and not truth.”
— Friedrich Nietzsche

“I believe that imagination is stronger than knowledge. That myth is more potent than history. That dreams are more powerful than facts. That hope always triumphs over experience. That laughter is the only cure for grief. And I believe that love is stronger than death.”
— Robert Fulghum, All I Really Need to Know I Learned in Kindergarten: Uncommon Thoughts On Common Things

“There are some situations which men understand by instinct, by which reason is powerless to explain; in such cases the greatest poet is he who gives utterance to the most natural and vehement outburst of sorrow. Those who hear the bitter cry are as much impressed as if they listened to an entire poem, and when th sufferer is sincere they are right in regarding his outburst as sublime.”
— Alexandre Dumas, The Count of Monte Cristo

“Lord, if I thought you were listening, I'd pray for this above all: that any church set up in your name should remain poor, and powerless, and modest. That it should wield no authority except that of love. That it should never cast anyone out. That it should own no property and make no laws. That it should not condemn, but only forgive. That it should be not like a palace with marble walls and polished floors, and guards standing at the door, but like a tree with its roots deep in the soil, that shelters every kind of bird and beast and gives blossom in the spring and shade in the hot sun and fruit in the season, and in time gives up its good sound wood for the carpenter; but that sheds many thousands of seeds so that new trees can grow in its place. Does the tree say to the sparrow, 'Get out, you don't belong here?' Does the tree say to the hungry man, 'This fruit is not for you?' Does the tree test the loyalty of the beasts before it allows them into the shade?”
— Philip Pullman, The Good Man Jesus and the Scoundrel Christ

“We may be powerless to alter certain events, but we remain free to choose our attitude towards them, and it is in our spontaneous acceptance of necessity that we find our distinctive freedom.”
— Alain de Botton, The Consolations of Philosophy

“Scars have the strange power to remind us that our past is real.”
— Cormac McCarthy, All the Pretty Horses

“Anybody can become angry — that is easy, but to be angry with the right person and to the right degree and at the right time and for the right purpose, and in the right way — that is not within everybody's power and is not easy.”
— Aristotle

“All over the place, from the popular culture to the propaganda system, there is constant pressure to make people feel that they are helpless, that the only role they can have is to ratify decisions and to consume.”
— Noam Chomsky

“The key to good decision making is not knowledge. It is understanding. We are swimming in the former. We are desperately lacking in the latter.”
— Malcolm Gladwell, Blink: The Power of Thinking Without Thinking

“If I were to wish for anything, I should not wish for wealth and power, but for the passionate sense of the potential, for the eye which, ever young and ardent, sees the possible. Pleasure disappoints, possibility

never. And what wine is so sparkling, what so fragrant, what so intoxicating, as possibility!"
— Søren Kierkegaard, Either/Or: A Fragment of Life

**Anton van Niekerk: Kindersterftes:**

Kyk só daarna
Van al die tragedies wat ons in die geskiedenis en veral die afgelope dekade beleef, is die een wat my herhaaldelik die meeste skok die lyding en dood van kinders.

Ons is eerstens oorstelp deur die waansin en namelose pyn van Israel teen Hamas en Rusland teen Oekraïne. Maar kinders ly oor die wêreld heen, ook in Suid-Afrika. Die koerante loop daarvan oor. Gesinsmoorde is opnuut aan die orde van die dag. Hoeveel kinders het nie die afgelope vakansietyd verdrink nie?

Worstelinge met kinder-kankers woed voort en word meermale verloor. Plaasmoorde hou net aan. Feitlik elke week hoor ons van opslagkoeëls op die Kaapse Vlakte wat abrup die lewe beëindig van jong kinders wat absoluut geen skuld daaraan het nie.

Die siedende verontwaardiging en verdriet van slagoffer-ouers en gemeenskapslede wat moet saamleef met die toenemende persepsie dat wetstoepassers magteloos en/of willoos is om te help, groei elke dag. Politici loop oor van beloftes, maar hulle word al hoe minder ernstig opgeneem. "Hoe lank nog?" is 'n kreet wat die refrein van ons tyd geword het. Solank vrotsige beleidmakers en wetstoepassers aangestel word, weet ons wat die antwoord is.

Die lyding van kinders, en die soort "harmonie" wat na bewering ontstaan wanneer kinders swaarkry, was die enkele ervaring wat die groot Russiese skrywer Fjodor Dostojefski die meeste verag het. In sy meesleurende roman oor die gebroeders Karamazof laat Dostojefski sy skeptiese hoofkarakter, Iwan, vir sy vroom broer, Aljosja, sê: "Is there in the whole world a being who would have the right to forgive? . . . From love for humanity I don't want it. I would rather be left with the unavenged suffering . . . and unsatisfied indignation, even if I were wrong. And so I hasten to give back my entrance ticket (die toegangskaartjie tot die lewe/ewigheid) and if I am an honest man, I am bound to give it back as soon as possible. And that I am doing. It's not God that I don't accept, Alyosha, only I most respectfully return him the ticket."

Die lyding en dood van kinders, asook enige poging om sodanige daad te vergewe en te "regverdig" op 'n manier wat "harmonie" sal bring, is die enkele ding wat vir Iwan sy "entrance ticket to the universe" laat teruggee!

Iwan se sentimente spruit voort uit sy diepgesetelde verset teen die idee dat kinders – die mees weerlose onder ons – so dikwels ly. Iwan is veral in opstand teen die idee dat God dit hoegenaamd kan kleinkry of toelaat dat daar soveel boosheid en lyding in die wêreld is. Dit staan in die tradisionele literatuur bekend as die "theodicee"-probleem.

Laasgenoemde – wat meermale as een van die mees komplekse filosofies-teologiese probleme aangedui word – kan, as probleem, eintlik heel eenvoudig geformuleer word.

Die formulering is soos volg: As God almagtig is, kán Hy die kwaad in die wêreld keer. En as God volmaak liefdevol is, wíl Hy alle kwaad in die wêreld keer. Die probleem is: Daar ís kwaad en lyding in die wêreld; dit kan niemand wat by sy/haar positiewe is, ontken nie. Die gevolgtrekking is dan: God is óf nie almagtig nie óf nie volmaak liefdevol nie. Nie een van hierdie twee opsies is egter skynbaar vir gelowiges aanvaarbaar nie. Waarom nie? Eenvoudig omdat wanneer 'n kind sterf, 'n onherwinbare stuk toekoms sterf. Elke kind dra in hom of haar die kiemsel van 'n lewe wat beskik oor die moontlikheid om die wêreld, as gevolg van dit wat uit daardie jong lewe kan voortspruit, 'n werklik ander en hopelik 'n beter wêreld te maak. Kyk met dáárdie perspektief na kinders wat ly en sterf.

*• Van Niekerk is 'n emeritus professor in filosofie aan die Universiteit Stellenbosch en 'n ontvanger van die Stalsprys vir filosofie.*

---

## BROOD VIR DIE PAD

**Geestelike waardes: Dié doodsonde is koudbloedig, kil en vernietigend**

In sy boek Envy: The Coldest of the Deadly Sins (2023) sluit die Sweedse teoloog Ola Sigurdson aan by die verdeling van die sewe doodsondes, in navolging van Gregorius die Grote (circa 540-604), in warmbloedige en koudbloedige sondes. Onder die warmbloedige sondes tel wellus, woede en vraatsug. Dit het met liggaamlike begeertes te make wat ook op 'n fisieke vlak uitdrukking vind. Die koudbloedige doodsondes – hoogmoed, hebsug, apatie en afguns – is daarteenoor nie altyd so duidelik waarneembaar nie en het meer met ons denkhouding te make. Afguns is by uitstek 'n meer onsigbare impuls en ons erken moeilik dat ons onsself daaraan skuldig maak. Daarom Sigurdson se verwysing daarna as die koudste van die doodsondes.

In die literatuur oor afguns word daar dikwels tussen jaloesie en afguns onderskei: 'n mens is jaloers op iets

wat met jou vereenselwig word, terwyl jy afgunstig is op dit wat ’n ander ontvang of besit. ’n Mate van afguns, sou sommige kon redeneer, kan dalk positiewe gevolge hê deurdat dit gesonde wedywering aanmoedig. Tog moet ons nie die vernietigende kante van afguns in ons lewe en in die samelewing – ook gegewe die rol van sosiale media – geringskat nie.

Wat afguns so ’n vernietigende potensiaal gee, is hoe dit kan meebring dat ’n mens nie bloot vir jouself iets beter begeer nie, maar – dikwels heimlik – wens dat die ander misluk of deur rampspoed getref word. Die ander se geluk en voorspoed bring dus nie vir jou vreugde nie, maar pyn. Iets hiervan kom na vore in William Shakespeare se tragedie Othello. Daarin lees ons van Othello se ongegronde jaloesie en hoe die “groenoogmonster” hom tot die moord van sy vrou, Desdemona, dryf. Maar die verhaal draai veral om die meer verskanste afguns van Iago. Soos die verhaal ontvou, blyk dit dat Iago nie soseer gedryf word deur wat ander hom kan bied nie (liefde, ’n promosie of erkenning), maar eerder deur die drang dat hulle tot ’n val moet kom. Met tragiese gevolge.

Sigurdson wys tereg daarop dat dit nie so maklik is om teen die geslepenheid van afguns weerstand te bied nie. Daarom dat dit belangrik is om dit eerlik te benoem. En om vergenoegd te wees en dankbaar vir wat ons ontvang het. Én anders te kyk na ander en wat hulle s’n is. Of om by die versugting in W.H. Auden se “Many Happy Returns” aan te sluit: “... since all self-knowledge / Tempts man into envy / May you ... / Love without desiring / All that you are not.” – RRV

*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*